One of the biggest mistakes an angler can make is treating every fishless cast as wasted time. Even when a lure does not produce a bite, the process can still help you understand the area. You may establish that the fish are not responding to a fast-moving bait, that a surface presentation is not producing, or that a particular section of water deserves a different approach.

A bite, however, is a valuable clue.

Pay attention to where the fish came from, how deep it was holding, what type of structure was nearby and which lure produced the response. These details matter because junk fishing can gradually lead you towards a more consistent pattern.

For example, if one fish takes a spinnerbait near a particular type of cover, make a mental note of the location and presentation. If another fish responds to a similar lure in comparable conditions, the first result becomes more significant. A third fish from the same type of area may suggest that you have found something worth pursuing.

The pattern may begin with a particular depth, structure or bait. Your job is to recognise the connection and test it.

This is where a flexible approach becomes especially powerful. You can continue covering water while keeping your eyes open for clues that allow you to narrow your choices. If the evidence points towards one presentation, spend more time developing it. If the results remain inconsistent, keep exploring rather than forcing a pattern that the fish are not confirming.

Keep moving, but fish with purpose

Junk fishing is particularly useful when you cannot establish a dependable pattern or when you have not had enough time on the water before tournament day. Instead of spending too long trying to make one technique work, you can investigate several possibilities and give yourself more opportunities to find active fish.

That does not mean racing around the dam and making a handful of casts at every available spot. Covering water efficiently still requires discipline. Work an area thoroughly enough to learn something from it, then move when the results suggest that another option is worth exploring.

There is a balance between staying too long and leaving too soon. A single unsuccessful cast tells you very little, while repeatedly presenting the same lure in the same way without any encouraging signs may waste valuable fishing time. Experience helps you judge when to persist and when to change direction.

Time on the water is essential to developing that judgement. Practice different presentations until you can fish them confidently, rather than merely knowing how to tie them on. Learn to control the lure, vary its retrieve and recognise the situations in which it is most useful.



A crankbait allows you to search the water column more quickly

As your experience grows, you may find that your selection of effective lures becomes smaller and more focused. You will also learn which rods and combinations you genuinely need for the situations you encounter most often. The goal is not to carry less equipment simply for the sake of it, but to understand your equipment well enough to make quick, informed decisions.

Turn scattered bites into a winning combination

The best junk fishermen are not anglers without a plan. They are anglers who can adjust their plan as new information becomes available.

Sometimes the day begins with no obvious direction, and the bites come from different depths, structures and lures. On other days, one of those scattered clues develops into a dependable pattern. Either way, the ability to use different techniques gives you more ways to respond to changing conditions and locate fish.

Remember, too, that the purpose of junk fishing is not simply to catch one fish on every lure. It is to put together the best possible limit when a reliable pattern is difficult to find. Each fish can contribute to that goal, while each bite can help you decide what to try next.

The next time you are on the water and your favourite lure refuses to produce, do not immediately assume the fish are not feeding. Reassess the area, consider another depth, change the presentation and keep looking for clues. Start with the techniques you know, expand your options and make every change count.

There is no substitute for time on the water. The more you practise, the more confident you become in your lures, your decisions and your ability to adapt. Eventually, what once felt like a random collection of techniques becomes a systematic way of finding bass.

And who knows? The next time you hear an angler credit junk fishing for a successful day, you may understand that the real skill was never in throwing everything at the fish. It was in knowing what to try, where to try it and when the evidence suggested it was time to change.

The big lesson

When a dependable pattern refuses to develop, work the area systematically from the surface towards the bottom. Use hard baits to search efficiently, follow up with soft plastics where appropriate, and pay attention to every bite. A single fish may be the first clue to a repeatable pattern.

Think like a pro

Before your next cast, ask yourself:

- **What part of the water am I trying to cover?** Am I searching the surface, working through the water column or investigating the bottom?
- **What will this lure tell me?** Am I testing a different depth, action or presentation, or am I simply changing baits without a reason?
- **What did the last bite teach me?** Consider the location, depth, structure and lure before deciding whether to repeat the approach or change tactics.

Take it to the water



A double willow leaf spinnerbait

Choose one area of your local dam and deliberately fish it using a sequence of presentations. Start with a suitable topwater lure, then try a moving hard bait such as a spinnerbait, crankbait or jerkbait. Follow up with a soft plastic on a rig suited to the cover and conditions.

Keep a simple record of the lure, depth, structure and location whenever you get a bite. At the end of the session, look for connections between your catches. You may discover that your seemingly scattered results were pointing towards a pattern all along.



A Texas rigged lizard

GARMIN®

SPY™ POLE + GT360UHD

AN ALL-AROUND BETTER VIEW

Mount the new GT360UHD transducer to Spy pole to get crisp, clear 360-degree imagery all around your boat.



© Garmin Ltd. or its subsidiaries. All rights reserved.



'n Groot vis is moeilik om te flous

See-Egels

Nie net nog 'n modegier nie

Deel 3/3

>> Philip Kemp*

In die vorige uitgawe het ons gekyk na die situasies waar die See-Egel werklik sy staal wys - van kristalhelder water en swaar hengeldruk tot die broeiseisoen, gesuspendeerde baars en die stroppe wat hierdie kunsaas so ongelooflik veelsydig maak.

Maar, teen hierdie punt behoort een ding duidelik te wees: die See-Egel is nie 'n plaasvervanger vir elke kunsaas in jou boks nie. Hy gaan nie 'n crankbait vervang wanneer jy vinnig water wil dek nie, en hy gaan ook nie altyd 'n spinnerbait in modderwater ná 'n donderstorm vervang nie. Tog is daar iets aan hierdie vreemde bolletjie silikoon wat hom 'n permanente plek in al hoe meer hengelaars se arsenaal besorg.

Dit herinner my nogal aan toe finesse-wurms jare gelede hul verskyning gemaak het. Aanvanklik is daar geglimlag en gesê: "Daardie klein dingetjie gaan nooit 'n groot baars vang nie." Vandag is daar waarskynlik nie 'n enkele ernstige baarshengelaar wat sonder 'n paar finesse-wurms op die water gaan nie.

Ek vermoed dieselfde gaan met die See-Egel gebeur.

Nie omdat dit die nuutste gier is nie, maar omdat dit 'n probleem oplos wat elke hengelaar van tyd tot tyd ervaar: wat doen jy wanneer die vis eenvoudig ophou reageer op alles wat normaalweg werk?

Vertroue vang meer vis as die perfekte kunsaas

As daar een eienskap is wat al die beste hengelaars in gemeen het, is dit nie noodwendig beter toerusting of duurder bote nie. Dis vertroue.

Hulle glo in wat aan die punt van hul lyn is.

Daardie vertroue laat hulle stadiger hengel, langer op goeie areas fokus en minder impulsiewe veranderinge maak. Ironies genoeg is dit presies wat 'n See-Egel vereis.

Ek het al hengelaars gesien wat ná drie of vier gooie besluit die aas werk nie. Vyf minute later vang hul bootmaat twee goeie vis op presies dieselfde kunsaas.

Die verskil?

Nie die kleur nie.

Nie die handelsmerk nie.

Net geduld.

Die bootmaat het eenvoudig die kunsaas langer in die byt-sone gehou.

Dis 'n goeie herinnering dat ons dikwels te veel verander voordat die vis ooit kans gekry het om te reageer.

Eenvoudige toerusting werk die beste

Nog 'n wanopvatting is dat 'n mens spesiale toerusting nodig het om hierdie kunsaas suksesvol te gebruik.

Die waarheid is dat die meeste hengelaars reeds alles besit wat nodig is.

'n Medium-ligte spinstok tussen sewe en sewe voet vier duim gee genoeg ruggraat om 'n groot vis te beheer, maar steeds genoeg sensitiwiteit om die ligste byt raak te voel. Koppel dit aan 'n 2500-grootte spinkatrol met 'n gladde rem en jy het 'n kombinasie waarmee jy gemaklik die hele dag finesse kan hengel.

Waar ek wel glo jy nie moet kompromieë aangaan nie, is jou lyn.

Fluorocarbon bly die beste keuse wanneer helder water en skugter vis deel van die prentjie is. 'n Lyn van agt tot tien pond bied gewoonlik die ideale balans tussen sterkte, natuurlike aanbieding en sensitiwiteit. Baie hengelaars verkies deesdae 'n dun vleglyn as hooflyn met 'n fluorocarbon -voorslag. Dit kombineer die direkte gevoel van braid met die lae sigbaarheid en skuurweerstand van fluorocarbon.

Dis 'n stelsel wat uitstekend by Suid-Afrikaanse toestande aanpas, veral op damme met klipperige punte, staande bome of digte waterplante.

Kleur is belangrik... maar nie soos jy dink nie

Geen hengelgesprek is volledig sonder die vraag: "Watter kleur werk die beste?" nie.

Die eerlike antwoord is dat kleur waarskynlik minder belangrik is as wat baie van ons wil glo.

In helder water verkies ek natuurlike skakerings; groenpampoen, waatlemoen, rookkleur of bruin. Hierdie kleure meng mooi met die omgewing en laat die tentakels die aandag trek eerder as die kleur self.

Wanneer die water effens verkleur, kan swart, Junebug of donkerpers weer beter sigbaarheid gee.

Maar hier is iets wat ek oor die jare geleer het: as jy voortdurend van kleur verander omdat die vis nie byt nie, is die probleem dikwels nie die kleur nie.

Dis gewoonlik jou aanbieding;

- Die tempo,

- Die val,
- Of eenvoudig dat die aas nie lank genoeg in die regte area gebly het nie.

Tophengelaars sê dikwels hulle verander eerder waar hulle gooi of hoe hulle die aas aanbied voordat hulle aan kleur dink. Dis raad wat ek met graagte herhaal.

Die klein foute wat groot vis kos

Elke nuwe tegniek bring sy eie stel foute saam.

Met die See-Egel sien ek dieselfde paar foute oor en oor.

Die eerste is te swaar gewigte. Ja, die aas kom vinniger op die bodem, maar hy verloor sy grootste voordeel: daardie stadige, verleidelike afsak wat die tentakels laat lewe kry.

Die tweede is oormatige stokbewegings. Sommige hengelaars werk die kunsaas soos 'n jerkbait, terwyl ander dit vinnig oor die bodem sleep. Albei benaderings laat die See-Egel sy natuurlike karakter verloor.

Nog 'n algemene fout is om die hoek te vlak deur die aas te steek. Die meeste See-Egels het 'n digte kern wat spesifiek ontwerp is om die hoek stewig vas te hou. As die hoek nie diep genoeg geplaas word nie, skeur die aas maklik of sit skeef, wat sy balans en aksie benadeel.

En dan is daar dalk die grootste fout van almal: mense gebruik die See-Egel op die verkeerde plek.

Hierdie is nie 'n kunsaas waarmee jy kilometer ná kilometer oewer gaan deursoek nie. Hy blink uit wanneer jy reeds weet waar die vis is, of ten minste 'n sterk vermoede het. Dink aan 'n groep gesuspendeerde vis in 'n skaduryke dok, 'n geïsoleerde boom of 'n diep rotspunt waar groot baars gereeld vertoef.

Dis 'n presisie-instrument, nie 'n soeklig nie.

Wat beteken dit vir ons hengelaars?

Ons damme verskil natuurlik van die groot Amerikaanse damme waar hierdie kunsaas sy naam gemaak het. Tog bly die gedrag van 'n grootbekbaars merkwaardig dieselfde.

'n Groot vis hou van veiligheid.

Hy verkies dikwels diep water of goeie dekking.

En hoe ouer hy word, hoe moeiliker laat hy hom flous.

Juis daarom dink ek die See-Egel gaan al hoe meer gewild word. Nie omdat dit die nuutste neiging is nie, maar omdat ons damme jaar ná jaar meer hengeldruk ervaar. Hoe slimmer die vis word, hoe belangriker raak aanbiedings wat iets nuuts en geloofwaardigs bied.

Ek glo ook ons gaan sien hoe plaaslike hengelaars hul eie aanpassings maak. Groter modelle vir ons groter damme, kleiner weergawes vir moeilike wintervis, nuwe kleure wat by Suid-Afrikaanse water pas en selfs plaaslik vervaardigde variasies.

Dis presies hoe elke suksesvolle kunsaas deur die jare ontwikkel het.

Meer as net 'n nuwe kunsaas

Wanneer mens terugkyk na die afgelope paar dekades van baarshengel, sien jy dat die groot spronge selde oor nuwe toerusting gegaan het. Hulle het gegaan oor nuwe maniere van dink;



'n Medium-ligte stok, 'n spinkatrol en fluorocarbon lyn

- Die Texas-rig het ons anders laat kyk na dekking,
- Die Drop-Shot het ons geleer dat stadiger soms beter is, en
- Live Sonar het gewys wat werklik onder die oppervlak gebeur.

En dalk leer die See-Egel ons iets wat ons lankal vergeet het.

Dat nuuskierigheid een van die swakpunte in 'n roofvis se gedrag is.

Ons probeer dikwels 'n kunsaas so realisties moontlik maak, asof dit presies soos 'n aasvis of 'n kreef móét lyk. Maar die See-Egel wys dat 'n kunsaas nie noodwendig herkenbaar hoef te wees om suksesvol te wees nie. Soms is dit juis die onbekende wat 'n groot baars laat omdraai.

En dalk is dit die grootste les van hierdie hele revolusie.

Moenie elke nuwe ontwikkeling afmaak as nog 'n modegier nie.

Probeer dit.

Leer dit verstaan.

Gee dit tyd.

Want die volgende persoon wat met 'n persoonlike beste baars huis toe ry, gaan heel moontlik iemand wees wat bereid was om iets anders aan die punt van sy lyn vas te maak.

Slotgedagte

Die See-Egel gaan nie elke dag die antwoord wees nie. Geen kunsaas is nie. Maar wanneer die gewone plastiekwurms, swem-aas en jigkoppe skielik hul aantrekkingskrag verloor, kan hierdie vreemde silikoonbolletjie die een ding wees wat 'n versigtige ou baars nie kan ignoreer nie.

Dis immers nog altyd die mooiste deel van baarshengel gewees.

Daar is altyd iets nuuts om te leer.

En soms begin daardie les met 'n kunsaas wat, met die eerste oogopslag, glad nie lyk of dit ooit 'n vis behoort te vang nie.

RgB – Spog met jou beste vangs! Stuur vir ons jou foto's van jou baarsvangste, saam met 'n kort beskrywing van die dag, en dalk verskyn jy in ons ***SA BASS Readers-go-Bassing***-afdeling!

E-pos jou foto's na editor@sabasss.com en deel jou hengelstorie met mede-hengelaars!

**Philip Kemp is 'n gesoute swartbaarhengelaar en assistent-redakteur van SA BASS.*



DIE BAARS WEET BETER!

Daar is geen absolute reël wat sê hoe baars moet reageer nie

Wat is werklik waar, en watter hengelstories moet ons eerder met 'n knippie sout neem? Soveel hengelaars glo dat dit wat sosiale media aan hulle verkoop altyd die waarheid is. Ek vertel julle meer.

>> *Philip Kemp**

In die wêreld van baarshengel is daar min dinge waaroor hengelaars meer kan verskil as oor wat 'n baars laat byt. Elke hengelaar het sy eie teorie, gunstelingaas en "geheime" tegniek. Sommige van hierdie kennis is oor jare deur ervaring bewys, terwyl ander bloot van een hengelaar na die volgende oorgedra is. Maar hoeveel van die bekende baarshengelreëls is werklik waar?

Van "baars byt net vroegoggend" tot "groot aas vang groot visse". Kom ons kyk na 'n paar van die algemeenste mites en probeer die feite van die fiksie skei.

MITE #1: Baars byt net vroegoggend en laatmiddag

Waarheid

Die vroeë oggend en laatmiddag kan uitstekende tye wees om baars te vang, maar dit beteken beslis nie dat die vis die res van die dag ophou vreet nie.

Swak lig gee baars dikwels meer selfvertroue om vlakker water binne te beweeg. Dit is veral sigbaar in die somer wanneer watertemperature vroegoggend nog aangenaam is en die vis aktief na aasvis en ander prooi soek. Wanneer die son egter hoër klim, verander die vis se gedrag. Baars kan dieper trek, onder plantegroei gaan lê, na strukture beweeg of bloot minder aktief raak. Dit beteken nie dat jy jou hengel om 10:00 moet oppak nie.

Met tegnieke soos 'n Texas-strop, Carolina-strop, diepduik-crankbaits, jigs (loodkoppe), swimbaits of selfs 'n drop-shot kan baars dwarsdeur die dag gevang word.

Die waarheid

Dit gaan minder oor die tyd van die dag en meer oor waar die vis op daardie spesifieke tyd van die dag hom bevind.

MITE #2: As die water helder is, moet jy natuurlike kleure gebruik

Waarheid

Natuurlike kleure is dikwels 'n uitstekende beginpunt in helder water, maar daar is geen reël wat bepaal dat baars slegs op natuurlike kleure sal byt nie. In helder water kan 'n baars 'n kunsaas van 'n groter afstand af ondersoek. Realistiese kleure soos green pumpkin, watermelon of 'n kleur wat by die plaaslike "baitfish" pas, kan baie effektief wees. Maar daar is dae waarop 'n helder kleur skielik die vis se aandag sal trek.

Veral wanneer jy 'n reaksiebyt probeer uitlok, kan 'n helder kleur soos chartreuse, wit of selfs 'n sterk donker silhoeët kleur verrassend goed werk.

Die waarheid

Begin met 'n natuurlike kleur, maar moenie bang wees om te verander as die vis nie reageer nie.

MITE #3: Groot aas vang net groot baars

Waarheid

'n Groot kunsaas kan groot baars lok, maar dit beteken nie dat kleiner visse dit sal ignoreer nie. Baars is opportunistiese roofvisse. As daar groter prooi in die dam of rivier is, kan 'n groot kunsaas uitstekend werk. Baars kan egter ook 'n prooi aanval wat aansienlik kleiner is. Kleiner kunsaas kan dus verrassend ook groot baars oplewer. Die grootte van die aas moet eerder gekoppel word aan wat die baars op daardie stadium vreet.

As die baars klein aasvis, insekte, kreef of ander klein prooi vreet, kan 'n kleiner aanbieding meer suksesvol wees.

Die waarheid

Kies jou aasgrootte volgens die beskikbare voedselbron se grootte en hoe aktief die vis is, nie net volgens die grootte van die vis wat jy wil vang nie.

MITE #4: Jy moet jou kunsaas so vinnig moontlik terugbring

Waarheid

Spoed is een van die belangrikste veranderlikes in baarshengel. Soms wil die baars 'n vinnigbewegende aas hê. Op ander dae moet dieselfde aas amper doodstil voor die vis se neus aangebied

word. Dit is veral belangrik wanneer die water koud is of wanneer baars onder druk verkeer. ‘n Sagte plastiekaas wat stadig op die bodem beweeg word, kan dan baie meer effektief wees as ‘n vinnig bewegende kunsaas. Die fout wat baie hengelaars maak, is om deurgaans net een spoed te hengel.

Die waarheid

Verander jou inkatrolspoed totdat die vis vir jou wys wat hy wil hê.

MITE #5: As jy nie strukture sien nie, is daar geen rede om daar te hengel nie

Waarheid

Baie van die belangrikste strukture onder water is onsigbaar. ‘n Onderwaterbank, sloot, kanaal, klipbank of ou rivierbedding kan ‘n uitstekende baarsgebied wees sonder dat jy iets bo die water sien. Dit is waar moderne elektronika ‘n groot verskil gemaak het.

Met goeie sonar en voorwaarts-gerigte-sonar (FFS) kan hengelaars onderwaterstrukture en selfs individuele visse opspoor. Maar selfs sonder moderne elektronika kan jy baie leer deur die oewer, windrigting, waterkleur en natuurlike kontoere dop te hou.

Die waarheid

Die feit dat jy niks bo die water sien nie, beteken nie dat daar niks onder die water is nie.

MITE #6: Baars hou altyd naby strukture of dekking

Waarheid

Struktuur en dekking is belangrik, maar baars is nie permanent aan ‘n stomp, rots of grasbed vasgeplak nie.

Wanneer voedsel beweeg, beweeg baars saam. In oop water kan baars byvoorbeeld aasvis volg. Hulle kan ook oor ‘n onderwaterbank beweeg of langs ‘n kanaal jag. Dit is een van die redes waarom hengelaars soms ‘n gebied wat “leeg” lyk, moet begin ondersoek.

Die waarheid

Soek nie net die struktuur of dekking nie, soek na ‘n kombinasie van struktuur, dekking, diepte, waterkwaliteit en voedsel.

MITE #7: ‘n Volmaan beteken baars gaan nie byt nie

Waarheid

Die maan kan ‘n invloed hê op visgedrag, maar dit is gevaarlik om ‘n swak hengeldag uitsluitlik aan die maan toe te skryf.

Baarsse gedrag word deur talle faktore beïnvloed: watertemperatuur, lig, wind, waterdruk, suurstof, beskikbare voedsel en seisoene. ‘n Volmaan kan die nagtelike voedingsaktiwiteit van visse beïnvloed, maar dit beteken nie noodwendig dat die volgende dag swak sal wees nie.

Die waarheid

Gebruik maanfases as een stuk van die legkaart, nie as die hele antwoord nie.

MITE #8: As die wind waai, moet jy na die beskutte kant van die dam gaan

Waarheid

Dit is een van die interessantste mites in baarshengel.

Baie hengelaars soek dadelik die stil, beskutte water wanneer die wind opkom. Maar die windgedrewe kant van ‘n dam kan juis baie produktief wees.

Wind stoot water, plankton en dikwels aasvis na ‘n bepaalde kant. Waar die aasvis is, kan die roofvis volg. Die wind kan ook die ligpenetrasie verminder en die baars meer selfvertroue gee om vlakker te beweeg. Dit beteken nie dat die beskutte kant altyd sleg is nie. Dit beteken bloot dat jy nie die windkant moet ignoreer nie.

Die waarheid

Wind kan jou vriend wees.

MITE #9: Baars byt nie as die water skielik vuil word nie

Waarheid

‘n Skielike verandering in waterkleur kan jou hengelplanne verander, maar dit beteken nie noodwendig dat die baars ophou vreet nie.

Baars kan in verkleurde water selfs aggressiewer reageer op vibrasie en beweging omdat sigbaarheid beperk is. Dit is waarom crankbaits, swaailemme, klets-ase en ander aas wat vibrasie en beweging produseer, soms uitstekend in vuiler water werk. ‘n Donker silhoeët kan ook baie sigbaar wees teen ‘n helder oppervlak wanneer die water se sigbaarheid laag is.

Die waarheid

Wanneer sig verminder, moet jy die vis help om jou aas op ander maniere op te spoor.

MITE #10: As ‘n plek een keer goeie vis opgelewer het, sal hulle altyd daar wees

Waarheid

Baars verander voortdurend van posisie.

‘n Plek wat verlede week vyf goeie visse opgelewer het, kan vandag doodstil wees. Water temperature verander. Die voedselbron beweeg. Watervlakke verander. Windrigtings verander. Plantegroei verander. Selfs hengeldruk kan ‘n rol speel. Ervare hengelaars leer daarom om nie net “plekke” te onthou nie, maar om die rede te verstaan waarom die vis daar was.

Die waarheid

Moenie ‘n GPS-koördinaat volg nie, volg die patroon.

MITE #11: As die baars jou kunsaas sien, sal hy vlug

Waarheid

Baars kan baie bewus wees van ‘n kunsaas, veral in helder water, maar “sien” beteken nie noodwendig “weier” nie.

‘n Baars kan ‘n kunsaas volg, dit ondersoek en dan eers besluit om te byt. Dit is waarom ‘n verandering in spoed, rigting of aanbieding soms die verskil maak. ‘n Baars wat ‘n kunsaas tot by die boot of oewer volg, is waardevolle inligting. Die vis het reeds belangstelling getoon. Nou moet jy uitvind wat hom verhinder om die aas te vat.

MITE #12: Jy moet altyd jou gunsteling kunsaas gebruik

Waarheid

Jou gunsteling kunsaas is waarskynlik jou gunsteling omdat dit al baie vis vir jou gevang het. Maar dit beteken nie dat dit altyd die regte keuse is nie.

Die beste hengelaars is nie noodwendig diegene met die meeste kunsaas nie. Hulle is die hengelaars wat bereid is om aan te pas. As die vis diep lê, verander jou aanbieding. As hulle vlak is, pas jou aas aan. As hulle vinnig jaag, versnel. As hulle traag is, hengel stadiger.

Die waarheid

'n Hengelaar se vermoë om aan te pas is dikwels belangriker as die kleur van die kunsaas aan die punt van die lyn.

MITE #13: As daar baie prooi-vis is, moet daar noodwendig baie baars wees

Waarheid

Prooi-vis (baitfish) is 'n belangrike leidraad, maar dit is nie 'n waarborg nie.

Baars kan baie faktore in ag neem wanneer hulle 'n gebied kies. Hulle benodig nie net voedsel nie; die regte kombinasie van diepte, temperatuur, suurstof en beskutting kan belangrik wees.

Jy kan dus 'n groot skool prooi-vis vind sonder om enige aktiewe roofvis naby te kry.

Die belangrike vraag is nie net: "Is daar prooi-vis?" maar eerder: "Waarom is die prooi-vis hier?"

Daardie vraag kan jou na die werklike patroon lei.

MITE #14: Die kleur van jou kunsaas is die belangrikste faktor

Waarheid

Kleur is belangrik, maar aanbieding is dikwels minstens net so belangrik.

'n Perfekte kleur wat verkeerd aangebied word, sal waarskynlik minder suksesvol wees as 'n gemiddelde kleur wat op die regte diepte, teen die regte spoed en naby die regte struktuur aangebied word.

Hengelaars kan maklik ure spandeer om tussen green pumpkin, watermelon, swart, junebug en ander kleure te wissel, terwyl die werklike probleem dalk is dat die aas twee meter bo-oor die vis beweeg.

Die waarheid

Dink eers aan die vis se posisie, diepte en gedrag. Dan aan kleur.

MITE #15: Die grootste baars is altyd die aggressiefste vis

Waarheid

'n Groot baars kan ongelooflik aggressief wees, maar grootte bepaal nie noodwendig aggressie nie.

Kleiner baars kan soms 'n kunsaas aanval wat hulle maklik kan inneem. Groter visse kan weer baie versigtiger wees. 'n Groot baars het ook meer energie nodig en kan soms meer selektief wees oor wat hy eet. Dit is waarom geduld, presisie en 'n natuurlike aanbieding belangrik kan wees wanneer jy spesifiek vir groter vis hengel.



Baars hou nie altyd naby strukture nie

Die Grootste Waarheid Van Almal

Daar is een beginsel wat byna elke suksesvolle baarshengelaar mettertyd leer: Die baars lees nie boeke nie. Daar is geen absolute reël wat sê 'n baars móét op 'n sekere tyd, kleur, diepte of kunsaas byt nie. Die beste hengelaars ontwikkel eerder 'n vermoë om leidrade te lees.

- Kyk na die weer.
- Kyk na die water.
- Kyk na die wind.
- Let op die watertemperatuur.
- Soek die prooivis.
- Bestudeer die struktuur.
- Gebruik jou elektronika.
- En, die belangrikste van alles, kyk na wat die vis vir jou vertel.

As jy drie visse op dieselfde tipe aanbieding vang, is dit nie toevallig nie. Jy het moontlik 'n patroon ontdek. As jy vyf verskillende kunsaas probeer en niks gebeur nie, is dit dalk nie die kunsaas wat verkeerd is nie. Jy kan eenvoudig op die verkeerde plek wees. Baarshengel is uiteindelik 'n voortdurende proses van waarneming, aanpassing en leer.

Die volgende keer wanneer iemand vir jou sê: "Baars byt nooit wanneer die wind so waai nie," of "Jy kan nie groot baars met 'n klein kunsaas vang nie", moenie sommer net saamstem nie. Gooi jou kunsaas. Want die baars het dalk net sy eie mening.

Slot

Mites maak deel uit van die tradisie en storievertelling van baarshengel. Sommige het so'n ietsie van'n waarheid, omdat hulle oor baie jare deur hengelaars getoets en beproef is. Die probleem ontstaan egter wanneer 'n algemene patroon as 'n vaste reël aanvaar word.

Die moderne baarshengelaar het toegang tot meer inligting en tegnologie as ooit tevore. Sonar, voorwaarts-gerigte-sonar, water temperature, weerdata en selfs onderwaterkaarte kan ons help om patrone beter te verstaan.

Maar geen tegnologie vervang die vermoë om aan te pas nie. Moenie net glo wat ander hengelaars sê nie. Toets dit self. Want in baarshengel is daar baie mites, maar daar is ook baie waarhede. En gewoonlik is die beste manier om die verskil te leer ken, om jou lyn nat te maak.

**Philip Kemp is 'n gesoute swartbaarhengelaar en assistent-redakteur van SA BASS.*



Dink aan: posisie, diepte, gedrag en kleur

BATTLE-TESTED FOR EVERY CONDITION ON PLANET EARTH

LOWRANCE®

ELITE FS®

POWERFULLY SIMPLE



ACTIVE IMAGING™ SUPPORT | ACTIVETARGET®2 XL SUPPORT | IPS Multi-Touch Display | SIMPLE NETWORKING | LOWRANCE.CO.ZA

READERS GO BASSING

To feature in "Readers go Bassing" send your story and pictures to editor@sabass.com
All photos published in "Readers-go-Bassing" are for the exclusive use of SA BASS Magazine. Any photos previously published by other magazines will not be considered.



LOSKOP

The plan for Loskop Dam had been taking shape for months. Double-checking every weather app, refreshing them daily, watching pressure systems roll through and fizzle out. It took two solid weeks of stable conditions before the green light finally came.

Coincidentally, it was also my birthday that weekend (11 July). If there's one word to describe the mornings on this trip, it's frigid. Properly bone-deep, breath-fogging cold - the kind that makes you question every decision you made the night before while rigging up in the dark. But cold mornings on a dam like Loskop usually mean one thing: the fish are willing to play along once the sun has done its work.



That trade-off (discomfort at dawn for opportunity by mid-morning) paid off, with a 10.3kg bag on the first day. Not a bad way to open a two-day mission, and, more importantly, it confirmed that the weather call had been the right one.

Our game plan on day two was exactly the same. The cast was a long one, sent out and left to sink until the lure reached the desired depth. As I reeled in the slack, the line suddenly went spongy - that unmistakable, gut-level feeling that something wasn't right down there. I set the hook, and for a split second there was nothing but dead weight. Ah, I'm stuck, was my only thought. Then the drag started ripping.

I could feel the fish was about to jump, and when she broke the surface, there they were - those big, white, bulging eyes. Right there, in that instant, there was no doubt: this was a 4kg-plus fish. She jumped a second time, and a few cranks later she was in the net.

Chaos erupted. We screamed loud enough for everyone else out on the water to hear. I remember my brother and Slade staring at the scale in disbelief. When I finally lifted her... 6.31kg. I broke down in tears. Not from exhaustion, but because of everything that had led to catching her: the months of planning, the doubt, the mornings when it would have been so easy to stay in bed instead. Overwhelmed with emotion, I was left speechless.

After a quick photo shoot and a moment of appreciation for the catch, she was released. There was no hesitation on her part either. She swam off strongly, disappearing back into the depths of the dam, exactly where she belongs.

If this is intended for a fishing magazine, social media, or a personal blog, I can also make it more cinematic and emotionally immersive while preserving your authentic voice – ***Biaan van Coller***

WINTER RHENOSTERKOP BASS

Winter fishing at Rhenosterkop Dam can be a real test of patience, especially when the water is cold and stained. But for Ziyaad Chand, persistence paid off with an impressive 4.54kg (10 lbs) bass.

Ziyaad tempted the big fish on a Yamamoto Tanuki, fishing it on 10 lb R18 fluorocarbon. With the water temperature sitting at around 16°C, conditions were tough and the bite was far from easy.

Despite the challenging conditions, Ziyaad kept at it and was rewarded with a quality winter bass. A great reminder that even when the fishing gets tough, the right presentation and a little persistence can produce a memorable catch – ***Ziyaad Chand***









DROOM GROOT

Ons vat 'n kans met hierdie een, maar ná die afgelope naweek het 'n baie trotse jong hengelaar sy mamma oortuig dat sy storie met SA BASS-lesers gedeel moet word.

Ontmoet Hilgardt Erasmus Steenkamp (of "VIS", soos mamma en pappa hom noem), 'n vyfjarige van Pretoria met 'n ernstige visvangprobleem!

Van die tyd toe Hilgardt skaars twee jaar oud was, was daar iets besonders aan hom wanneer hy 'n visstok in sy hand het. Waar ander kinders gespeel het, het hy langs die water gestaan, sy aas ingegooi en geduldig gewag vir die volgende byt.

En daardie geduld het onlangs baie mooi vrugte afgewerp.

Hilgardt het op die Groot Olifantsrivier op die familieplaas 'n ongelooflike 4.6kg-bass gevang – 'n nuwe persoonlike rekord!

Vir 'n vyfjarige is dit 'n besonderse vis. Maar die 4.6kg op die skaal vertel eintlik net 'n klein deeltjie van die storie.

Agter dié vangs lê ontelbare ure langs die water – vroeë oggende, warm middae, gemiste visse en natuurlik baie lesse. Belangriker nog, daar is 'n jong seun wat eenvoudig lief is vir die buitelewe en nooit moeg word om meer oor basshengel te leer nie.

Wat Hilgardt se storie besonders maak, is dat sy drome reeds verder strek as net sy volgende groot vis. Terwyl baie vyfjariges droom oor speelgoed en videospeletjies, droom Hilgardt van basskompetisies, trofeë en eendag sy eie bassboot.

Sy droom is eenvoudig: om aan basskompetisies deel te neem, sy vaardighede te ontwikkel, homself tussen die beste hengelaars in Suid-Afrika te bewys en eendag genoeg prysgeld te wen om sy eie boot te koop.

Natuurlik is daar 'n lang pad tussen 'n vyfjarige met 'n visstok en 'n suksesvolle kompetisiehengelaar. Maar Hilgardt leer reeds een van die belangrikste lesse van hengel: jy word nie 'n beter hengelaar omdat jy elke vis vang nie. Jy word beter deur tyd op die water deur te bring, uit jou foute en gemiste visse te leer, en telkens weer jou lyn in te gooi.

Is daardie 4.6kg-bass dus die begin van iets groter?

Ons hoop so!

Vir nou het VIS 'n nuwe persoonlike rekord, 'n groot liefde vir basshengel en 'n droom wat reeds baie groter is as enige vis wat hy tot dusver gevang het.

Miskien is dit juis waarom sy storie met SA BASS-lesers gedeel moet word. Elke groot hengelaar begin iewers, en soms begin die grootste drome met 'n klein seuntjie, 'n visstok en 'n groot passie vir hengel.

– Hilgardt Erasmus Steenkamp

(Baie geluk, VIS! Ons sien uit daarna om van jou volgende groot vangs te hoor – Red.)

Op my houtbordjie

GLOEI-STOKKIES

>> *Philip Kemp**

In hierdie reeks deel ons graag 'n paar truuks, of beter bekend as "hacks", met ons lesers.

Soms is dit die klein verandering aan 'n bekende kunsaas wat die verskil tussen 'n stil dag en 'n paar mooi visse maak. Een eenvoudige truuk wat veral in dieper, donker water, vroegoggend of laatmiddag en saans baie interessant kan wees, is om 'n klein gloei-stokkie binne-in jou buisplastiekaas (tube bait) te plaas.

Gloei-stokkies (in Engels bekend as glow sticks) is buisies wat lig afgee deur 'n chemiese reaksie genaamd chemoluminessensie.

Hier is hoe maklik dit is om jou kunsaas 'n ander voorkoms te gee:



Jy het twee dinge nodig naamlik:

- 'n Pakkie 4,5 x 39 mm gloei-stokkies, en
- Jou gunsteling buisplastiekaas, oftewel 'n "tube bait".

Die doel is nie om die aas heeltemal te verander nie, maar bloot om dit 'n ekstra visuele aantrekkingskrag te gee wanneer die lig swak is.





Neem een van die klein gloei-stokkies en breek dit liggies in die middel totdat jy die interne ampule hoor kraak. Skud die stokkie daarna goed totdat die vloeistowwe meng en die stokkie begin gloei.

Nou het jy 'n "liggie" gereed vir die aas.



Druk die gloeiende stokkie versigtig binne-in die buisplastiekaas.

Die gloeistokkie gee nou 'n sagte lig binne die deurskynende of gedeeltelik deurskynende plastiek van die aas.

Let Wel: Maak seker dat die gloeistokkie heel is en dat daar geen skerp of gebreekte dele is wat die aas of jou toerusting kan beskadig nie.



Nou kom die interessante deel.

Die aas kan veral in dieper, donker water 'n ekstra aantrekkingskrag hê. Probeer dit vroegoggend (voor sonop), óf laatmiddag, en skemeraand.

Die sagte liggie kan jou kunsaas duidelik sigbaar maak en 'n baars se aandag trek wanneer normale kleur en beweging moeiliker gesien word.

Dit is beslis nie 'n waarborg dat die baars die aas gaan aanval nie, maar dit is 'n eenvoudige en goedkoop manier wat die moeite werd is om in jou hengelkas te hê.

Soms is dit net daai ietsie anders wat 'n baars se aandag trek.

**Philip Kemp is 'n gesoute swartbaar-hengelaar en assistent-redakteur van SA BASS.*

BATTLE-TESTED FOR EVERY CONDITION ON PLANET EARTH

LOWRANCE®

ELITE FS®

POWERFULLY SIMPLE



ACTIVE IMAGING™ SUPPORT | ACTIVETARGET®2 XL SUPPORT | IPS Multi-Touch Display | SIMPLE NETWORKING | LOWRANCE.CO.ZA

THE LURE AND LINE CONNECTION

The importance behind the right connectivity

>> *Jay Röhm-Williams*

The skill of refining ones art form displays the level of mastery in one's craft. Sounds fancy but simply put it just means the further we push ourselves to improve in the things we love doing, the higher our performance levels will be. That's what the art of bass sports fishing is all about if you want to keep putting more fish on your personal scorecard more often. It's literally knit picking at every aspect of this incredible, freshwater angling experience to decipher where one can modify, adapt and improve. If you have the passion the motivation comes easy and if we can enhance our chances of catching quality numbers every time, well sign me up sir!

They say spring has sprung but allow me to let you in on a little secret, change is the only constant and that applies to seasonal patterns too. Officially I personally declare spring only gets underway come October but perhaps things are slightly different depending where your neck of the woods is in our beloved country. Never the less it is about time to shake off the frost and sharpen those ambitions because we've got bass to catch. In order to ensure we accomplish this everything has got to line up pardon the pun, from conditions, our equipment and our attention to detail. This brings us to our discussion about the importance of lure and line connectivity.

At first you might be like, yes well that's obvious but honestly how easy it to just rig up and cast without thinking on any given day? We think the conditions call for a top water approach and tie something in that lure class on and



Advice offered is power gained - Shaun Swart



Having the right line and lure combination - Bradley van Vuuren

off she goes, we reel in and repeat. Of course, everyone does it and that goes for any lure in fact but how often do we as anglers actually stop or feel what's really going on between our line and our lures? Well if you asking yourself these questions then you definitely on the right track to unlocking a master class secret. The correct connection between line, lure and angler makes a massive difference in your overall performance levels and paying attention to it will change your fishing success.

Just as rod lengths, reel compatibility and lure sizes all relate directly to one another so does your physical connection to you through your line and lure. Everything from the thickness, weight and strength of your line affects the connectivity you feel with your lure out in the water. If you haven't rigged the right or compatible combo between lure and line then there will be subtle problems that have big consequences like:

- Reduced or ineffective lure actions
- Decreased swimming or diving depths
- More snags
- Decreased ability to determine bites
- Decreased hook ups

Who would have thought right, that without a solid connection between our lines and lures all this was happening underneath the surface? Well unfortunately that is the reality and as we can see those are some pretty big prices to pay especially when it comes to professional sports bassing or seeking those next PB's. As we know lure movement and presentation are very vital to enticing bass to attack so if we are not getting the best lure performance out of our lures there's a red flag. Heavier line tends to do this, especially to lighter lure classes such as soft plastics. The lighter the line used with light weight lures the better chance we have of feeling more connected to that lure. Heavy weight lures such as spinner baits, cranks and jig style lures need the right line weight too. Perhaps not something as light as when we using finesse tactics but a heavier line to prevent break offs. I've seen guys throwing big, heavy styled lures on thin mono-line and watched it



Keeping that connection between line an lure solid - Martin Oosterhuizen

snap off mid-air on the third cast. I have also witnessed bass anglers fishing light, soft plastic rigs on thick fluorocarbon and seen them struggle to even feel what their lure is doing underwater. Braided lines are an almost perfect in-between choice especially when it comes to taking on heavy, thick cover but a mission to control under windy conditions. It is susceptible to bows and slack line leaving you open for snags and loose connectivity.

The right line with the right lure along with correct rod handling techniques can do wonders to your game. An angler wants to feel that lure hopping, twitching or bouncing up, over or along whatever cover they are tackling. Top water and jerkbaits need the line handled and controlled skilfully in order to entice attacks and same goes for bladed lures or swim baits. There should not be a single moment during each cast where you cannot tell or feel what your lure is doing out or under the water. If you have the right connection then this will automatically improve your confidence tenfold in a matter of heart beats. Remember a confident angler is already fishing better even before he hits the water.

Handling your rod correctly ties right in there with keeping that connection between you and the lure on the money. Lifting the tip up slightly higher or angling your rod down and to the side can greatly decrease any slack, strengthening your connection. You will know automatically if your line weight and lure class are compatible from the moment you begin to retrieve. Whether you're power fishing and burning baits quickly through the mid water to shallow mark or pitching and bouncing weighted, jig style lures off the bottom in the deep, keeping a tight connection is what we looking for.

So next time you out on the water, stop and do a little field test to see if you happy with the connection between your line and the lure. Try and feel if your lure is moving correctly and that there are no slack moments between retrievals. It will truly amaze you at the difference it makes when one takes the time to master your line and lure connections. As the spawning season approaches take note as a gentle reminder of conscious fishing ethics towards our beloved bass and be rewarding with the right hook ups and connectivity.

Rods out and safe fishing everyone!

**Jay Röhm-Williams is a seasoned bass angler with a wealth of knowledge, and since 2018 he has been sharing his expertise with fellow bass enthusiasts, hoping they'll discover the same passion and enjoyment he finds in this unique sport.*

BASICS FOR BEGINNERS

>> *Hannes Lindeque*



Spring

Another early spring favourite is the jerkbait.



Change

The first adjustment should always be the simplest one: change your retrieve.



Staging bass

Going into spring bass tend to move in stages, stopping at transitional structure along the way.



Secret

Pitching makes the difference between fishing around cover and fishing inside it.



Spawn

